# GEMEENTEBRIEF MAART 2024

**Ek vertrou dat dit met julle elkeen goed gaan. Hierdie is die beloofde Gemeentebrief wat na die voltooiing van elke beweging in die Gemeenteproses uitgestuur word. Beweging 1 is afgehandel en die resultaat het op die spesiale vergadering van die kerkraad op 29 Februarie 2024 gedien. Die kerkraad was verras, nie net oor die hoeveelheid mense wat aan die gesprek deelgeneem het nie, maar veral ook oor die resultate wat die gesprekke opgelewer het. Ons is absoluut daarvan oortuig dat ons hierdie van die Here self ontvang het.**

## Vertrekpunt

Die vertrekpunt agter hierdie hele proses is dat God deur sy Gees in sy mense, die gelowiges, bly en dat, wanneer gelowiges gesprek voer oor sy bedoeling met die kerk, Hy Homself vir ons sal wys, selfs al is sy mense nie daarvan bewus nie en al voel hulle dalk eintlik anders, dat Hy as't ware teen wil en dank deur hulle sal praat en sal laat hoor wat Hy ons wil laat hoor.

## Terugvoer

Terugvoer word in drie kategorieë (A, B, C) verdeel. A is sake wat gemiddeld in meer as 75% van die terugvoer genoem is. B is sake wat gemiddeld in 50-74% van terugvoer genoem is en C het gemiddeld in 8% van die terugvoer voorgekom. Hierdie indelings is natuurlik subjektief en bloot op die hoor af. Indelings sou ook anders gedoen kon word en ander opskrifte kon hê. Daar sal 'n goeie saak uitgemaak kon word dat alles in A eintlik net oor een saak gaan en met mekaar saamgevoeg moet word, of dat van die ander sake onder een opskrif hoort. Meer belangrik is dat ons wel 'n goeie aanduiding kry van wat God se mense gehoor het en wat as prioriteit behoort beskou te word na aanleiding van gesprekke oor die vraag. Terugvoer wat ontvang is, word nie net só weergegee nie. Dit sou die verslag heeltemal te lank maak.

**Kategorie A:** God se doel met sy mense, sy kerk, is …

1. **'n Voortdurende, toegewyde studie (bestudering van die Bybel) en navolging van die Here Jesus deur Wie ons vir God leer ken en sien. Dissipelskap, die maak van dissipels,.** Die rol van Christus is ook die rol van sy kerk. Soos die Vader Hom gestuur het, só word die kerk ook gestuur. Ons is vakleerlinge van Jesus (wat in ons vakleerlingskap moet groei) wat ook weer van ander vakleerlinge van Jesus maak. Dit gaan oor meer as net 'n studie van en luister na Jesus, sy kerk moet Hom volg. Toerusting om dissipels te wees en dissipels te maak. Die inoefening van die gemeente se gewoontes.
2. **Die uitwysing van God in die wêreld/ons omgewing en aan mense (ook mekaar) met wie ons te doen het/kry.** Deur ons totale lewens. Die vra van Godsvrae. Die stimulering van verwondering oor God.
3. **'n Lewe vanuit/die uitleef van 'n hegte verbintenis aan God.** Bewus van God lewe. God as enigste Een eerder as 'n moontlikheid onder andere. "Ingedompel" in Vader, Seun, Gees. 'n Lewe van lof aan en aanbidding van God. 'n Lewe deur en onder beheer van die Heilige Gees.
4. **God se mense GAAN die hele tyd, is die hele tyd op pad agter Hom aan.** Gaan oor grense (soos Jesus in Fil 2), ook die grense van ons gemaksones. Dit is in ons bloed as God se mense om nie te

wag dat ander na ons toe kom nie, maar om na hulle te gaan, die kerk het daarom "gaan" strukture eerder as 'kom" strukture. "Gaan" veronderstel ook dat ons nog nie aangekom het nie. Ons gaan na mense (alle mense, oral), die wêreld, toe. Ons wese is "ganend".

5. **Ontwikkel wat ons van God ontvang het.** Woeker met talente. Voortdurende studie en ontwikkeling van vaardighede. Groei in dit wat God gee. Om dit in daardie sin te "vermeerder".

**Kategorie B:** God se doel met sy mense, sy kerk, is …

1. **Geloofsgemeenskap**, mense verbind aan mekaar omdat ons verbind is aan Jesus, eensgesind, wat omgee vir mekaar, mekaar versorg, opbou, liefhet, bemoedig, verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar en verantwoordbaar is aan mekaar. Geloofsgemeenskap met 'n doel: Hier word ons versterk met die oog op ons diens in en aan die wêreld en die mense wat nie deel van die gemeenskap is nie.
2. **Versorging en verwelkoming van, omsien na en diens aan alle mense met/in elke moontlike vorm van nood.** Salf vir 'n gebroke wêreld. 'n Sagte plek vir randfigure, uitgestotenes en mense wat sukkel om hulle plek te vind. ALLE MENSE. Jesus kom in mense na ons toe (Matt 25:31 e.v.).
3. **Die koninkryk van God.** Mense met 'n gerigtheid op die koninkryk van God. Alles wat ons doen, het die koninkryk in die gedagte. Bedink en beoordeel ons lewens in die lig van die naby koninkryk. Om die hemel aarde toe te bring. Onderdanigheid en gehoorsaamheid aan die Koning. Dinge waarmee ons nie gemaklik is nie, wat ons nie wil nie, wat nie binne ons gemaksone is nie, wat nie vir ons maklik kom nie, waarvan ons nie hou nie, maar wat ons wel doen, omdat dit die Koning se wil is. Ú koninkryk, Ú wil. Nie ek/ons nie, maar Ú.
4. **'n Gemeenskap van verskeidenheid waar die verskeidenheid gekoester word:** Verskillende ouderdomme, geslagte, rasse, tale, kulture, agtergronde … almal in gelyke mate sonder dat die een – om watter rede ook al – bo die ander bevoordeel word.
5. **'n Gemeenskap wat luister.** Na God (respek vir sy woorde), mekaar, ander mense, die wêreld waar ons ons bevind. Hier is veral beklemtoon dat die kerk deur empaties te luister die tekens in die onmiddellike omgewing moet onderskei, gerig sal wees op die omgewing en omstandighede waarbinne die kerk hulle bevind. 'n Sensitiwiteit vir die konteks, antennas om raak te hoor wat rondom ons aangaan.
6. **Omgee en liefde vir, diens aan en versorging van en verwondering oor die skepping.** Verantwoordelikheid vir die skepping aanvaar. Die nood van die skepping aanspreek.

**Kategorie C:** God se doel met sy mense, sy kerk, is …

1. **Vredemakers** wat vrede maak.
2. **Om nie te vergeet dat die kerk mense is nie.** Dat God ons nie regtig nodig het nie, dat Hy ook sonder ons kan klaarkom, maar verkies om dit nie te doen nie en ons uit genade by sy plan en doel inskakel omdat dit ons waarlik laat mense wees, ons lewens sin en betekenis gee. Nie strukture of geboue of begrotings of belydenisse of standpunte of wat ook al nie, maar mense.

## Opmerkings

1. Ons het regtig gesukkel om oor die kerk te praat "vanuit God se hoek" en bedoeling. Dit is asof ons glad nie aan die kerk dink of kan dink as God se eiendom en plan eerder as ons maaksel waarvan ons die reg het om te sê wat ons wil hê, waarvan ons hou, wat wanneer en hoe behoort te gebeur en hoe dit veronderstel is om te werk nie.

2. Ten spyte van punt 1, het ons wonderlike en uiters belangrike goed gehoor. Genadige Here.
3. Alles in A, B en C hierbo het – na die kerkraad se oordeel - Bybelse fondamente. Die sake genoem in A (en ook enkele van die ander sake) is op die oomblik wêreldwyd op kerke se agendas en baie aktueel. Wêreldwyd hoor kerke blykbaar by die Here dat dít nóú aandag moet kry.
4. Van die sake hierbo was deur die loop van die afgelope 25 jaar van tyd tot tyd in die gemeente ter sprake. Alles is dus nie nuut nie. Nuut is wel die manier waarop dit hierdie keer gehoor/geformuleer is.
5. Die feit dat ons alles wat in A, B en C genoem word, gehoor het, veronderstel nie reeds 'n verbintenis by hoorders om ook daaraan uitvoering te gee of dit te doen nie. In vele gevalle is daar in gesprekke iets gekommunikeer soos: Ek meen dit is die Here se bedoeling, maar dit beteken nie noodwendig dat ek bereid is of sal wees om dit te doen nie. Ek sien nie hiervoor kans nie.
6. Bogenoemde moet waarskynlik nie as finale woorde beskou word nie en ons moet waarskynlik ook nie aanvaar dat almal dadelik sal verstaan wat daarmee bedoel word nie. Meer bid en dink en praat en luister is nodig om agter te kom presies hoe hierdie sake in die lewe van die NG Kerk Windhoek-Oos gestalte behoort te kry. Daaraan sal DV deur die loop van die res van die van die proses aandag gegee word.

**Baie, baie dankie vir elkeen se insette. Beweging 2 het reeds die afgelope Sondag afgeskop. Waar ons tot nou toe gekuier het oor God se kerk in die breër sin van die woord, kuier ons in Beweging 2 spesifiek oor Windhoek-Oos. Ons doen dit aan die hand van die volgende drie vrae:**

1. **Hoe voel jy oor jou verbintenis met Windhoek-Oos?**
2. **Waarmee vaar Windhoek-Oos na jou mening goed?**
3. **En nie goed nie?**

**Belangrike datum om aan te teken:**

**16/03 Ontbyt in die saal**
**20/03 Einde van terugvoer Beweging 2**
**11/04 Kerkraadsvergadering: Hantering van verslag nav Beweging 2**
**14/05 Terugvoer Beweging 2 en afskop Beweging 3 tydens die erediens**

**Vir inligting oor die proses en/of terugvoer oor gesprekke, kontak asseblief vir André by + 264 81 210 5051 (bel of "WhatsApp") of [andrelo@iway.na](mailto:andrelo@iway.na)**

**Om te luister na André se bekendstelling van Beweging 2 by die afgelope Sondag se erediens, kan jy op hierdie skakel kliek: [https://youtu.be/N39hqmcleeU](https://youtu.be/N39hqmcleeU)**

**Baie sterkte en seën met die proses.**

